# PSALM 34

```
        D               G       D
1.  Ek wil die Vader altyd loof
                         A7
    en hulde aan Hom bring.
        D                   G       D
    Ek wil aan Yahweh eer bewys
               A7       D
    en van Sy roem bly sing.

        D                 G        D
2.  Ootmoediges sal hoor en juig;
                            A7
    o maak Yahweh nou groot!
        D                      G      D
    Verhef Sy Naam, wees bly in Hom,
               A7       D
    Hy red ons uit die dood.

        D               G       D
3.  Yahweh sal altyd in gevaar,
                       A7
    in onheil, smarte hoor.
        D                     G         D
    Hy skenk Sy hulp, gee uitkoms daar,
                 A7          D
    ek prys Sy Naam daarvoor.

        D                  G          D
4.  Die Engel van Yahweh trek laer
                         A7
    om almal wat Hom vrees.
        D                    G      D
    Yahweh is goed, Hy red hul uit;
               A7       D
    verarm sal hul nie wees.

        D                   G          D
5.  O leer tog nou, bly weg van kwaad,
                         A7
    hou op om sleg te praat.
        D                   G       D
    O soek die vrede, jaag dit na,
                    A7        D
    bly goeddoen, moenie haat.
```

```
            D             G     D
6.      Yahweh genees gebrokenes,
                        A7
        Hy sal in nood bevry.
            D          G     D
        As hulle net regverdig is,
               A7    D
        is Hy altyd naby.

            D              G      D
7.      Regverdiges word vrygespreek,
                            A7
        Yahweh sien na hul om;
              D            G       D
        geen van hul bene word gebreek
                      A7     D
        van hul wat roep na Hom.

            D              G        D
8.      Yahweh sal daders van die kwaad
                          A7
        laat ondergaan en ly,
            D           G      D
        omdat hul die opregtes haat.
                       A7    D
        Sy dienaars maak Hy vry.
```